education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

**DRAMATIESE KUNSTE**

**MODEL 2007**

**MEMORANDUM**

**Hierdie memorandum bestaan uit 18 bladsye.**

**VRAAG 1: REALISME (VERPLIGTEND)**

1.1 Die kandidaat moet die naam gee van die Realistiese drama wat sy/hy bestudeer het bv. *A Doll's House*. (1)

1.2 Die kandidaat moet die naam van die dramaturg gee, bv. Hendrik Ibsen (1)

1.3 1.3.1 TWEE sosiale kwessies van die drama wat bestudeer is, moet identifiseer word. 2 punte per kwessie toegeken. Slegs 1 punt toegeken as die kandidaat net die kwessie noem, moet verduidelik om albei punte te kry, bv. vroue (net 1 punt). Die onderdrukking van vroue in die 19de eeu (2 punte toegeken). (2X2=4)

1.3.2 Kandidaat moet 'n paragraaf skryf oor elk van die twee sosiale kwessies genoem in 1.3.1 en verduidelik hoe die dramaturg die kwessie op die verhoog (deur intrige/plot, karakter, struktuur of dialoog) aangebied het. Die effektiwiteit daarvan moet ook bespreek word. (2x5=10)


1.3.3 Kandidaat se eie respons. Vraag het 'n oop einde. Laat verskeidenheid response toe. Ja of Nee aanvaarbaar, solank dit ondersteun word deur verwysing na die teks en kandidate se eie ervaring van S.A. (2X2=4)

1.4 Ongesiene verhoogaanwysings
1.4.1 'n Boksstel het 3 kante (mure) met 1 kant oop na die gehoor. Dit word gebou om 'n regte kamer na te boots. (2)

1.4.2 'n Prosceniumboogverhoog (1), Hierdie verhoog het weggesteekte ligte wat die illusie skep van 'n regte vertrek/kamer. Die sykante / *wings* en area bo die verhoog laat toe vir bergingsruimte van stelle en dekor. Die sykante / *wings* kan gebruik word as 'n ruimte waar akteurs wag om op die fiktiewe vertrek (stel) te gaan. Die verhoog is groot en laat baie dekor en 'n groot stel toe. Die verhoog is bo die gehoor gelig en dit is dus makliker vir die gehoor om die handeling op die verhoog te sien. Die skeiding tussen gehoor en akteur versterk die illusie dat die gehoor in die karakters se werklike lewe inkyk (enige 3 punte). (4)

1.4.3 Met 'n boksstel word 3 van die 4 mure van 'n vertrek geskep. Die stel kan 'n replika van 'n werklike vertrek wees met een muur wat weggelaat is sodat die gehoor onder die illusie verkeer dat hulle inkyk op die werklike lewe, verhoudings en gebeure van die karakters en hul lewens. Deure en vensters kan oopmaak en buite-vertrekke of tuine kan daaragter sigbaar wees, wat op skerms/*flats* aangebring is. Sodoende word die gevoel van realisme nog meer versterk. Regte meubels kan op die verhoog geplaas word en die beligting is van so 'n aard dat 'n lewensgetroue atmosfeer/gevoel geskep word (bv. deur die gebruik van 'n lamp wat aangeskakel kan word en wat saam met die verhoogbeligting atmosfeer kan skep) (Enige 4 punte kan verduidelik word). (4)

1.4.4




Gehoor

Die kandidaat moet die verhoog teken en die dekor en meubels op die verhoog plaas.
1 punt word toegeken aan elk van die volgende vir die skets, byskrifte en akkurate plasing: rusbank, groot skryftafel, klein skryftafel, rusbank, venster/venstersitplek en die deur (6)
1 punt vir byskrif van die gehoor (1).
3 punte vir die verduideliking van die stel en netheid van die skets (3)
As die leerder die stel en meubels korrek geplaas het, maar links en regs omgeruil het, ken halwe punte toe. (10)

1.5 Karakterprofiel

| Karakterprofiel | | Punte |
|---|---|---|
| Naam van karakter | Lady Britomart | 1 |
| Ouderdom | 50 jaar oud | 1 |
| Sosiale Status | Ryk, hoër stand | 1 |
| Voorkoms | Dra mooi klere, onnet, plomp (enige logiese antwoord)) | 2 |
| Stemkwaliteite | Praat hard, helder, duidelike spraak, gewoond daaraan om mense te hiet en gebied, kla en raas met mense, arrogante toon, bevelend (enige 3 aanvaarbare antwoorde) | 2 |
| Beweging en gebare | Postuur regop, groot duidelike gebare, selfversekerde ligaamsbeweging (enige 2) | 2 |
| Gesigsuitdrukking | Glimlag, maar arrogant (enige toepaslike antwoord) | 1 |

**[50]**

**AFDELING B: Kandidate moet EEN vraag van hierdie afdeling beantwoord.**

**VRAAG 2: SUID-AFRIKAANSE TEATER**

2.1 Om die samelewing te verander of te hervorm. Om op te voed en te leer. Om relevante en aktuele sake te belig / beklemtoon. Om nuwe groei en ontwikkeling wat noodsaaklik is vir 'n funksionele samelewing uit te wys. (6)

2.2 Verkieslik 'n oop verhoog of enige beskikbare ruimte soos 'n skool of 'n gemeenskapsaal, sokkerstadium, ens. Daar word meestal nie van teaters gebruik gemaak nie, as gevolg van finansiële beperkinge. Die verhoogruimte moet maklik aanpasbaar wees. (5)

2.3 Afrikaans is in die myne gepraat deur die mynbestuurders en -toesighouers wat witmense was. Die meeste swart myners was geforseer om basiese Afrikaans te leer praat sodat hulle kon kommunikeer. Daarom was 'n mengsel van Afrikaans/Zulu en Sotho/Afrikaans gepraat. In Protesteater is 'n mensel van tale gespraat. Mense kon maklik daarmee identifiseer het, want hulle kon sekere woorde herken het. Die keuse van die taal het van die teikengehoor afgehang. (4)

2.4 Baasboy – hard en raserig, baasspelerige en gebiedende toon.
Hy is kwaad vir Beshwana wat direk met die baas gepraat het. Hy voel dat Beshawana sy gesag ondermyn het.

Beshwana – lae toon/ sagter volume met verskonende stemtoon. Hy wil Baasboy nie verder kwaad maak nie. (6)

2.5 Dit is 'n goedkoper en meer praktiese opsie. Befondsing vir protesteater was altyd 'n probleem – daar was dus nie baie geld vir uitspattige en groot rekwisiete nie. Die akteurs moes dus kreatief wees met die paar rekwisiete wat hulle gehad het. Te veel rekwisiete kon ook hinderlik en moeilik hanteerbaar op die verhoog wees en kan die vloei van die drama beïnvloed. Die gebruik van die ruimte (gemeenskap-en kerksale) het ook baie keer die gebruik van baie rekwisiete beperk, daar moes rondgereis word van ruimte na ruimte en dit sou moeilk wees om met baie rekwisiete te reis. (5)

2.6 Neem die relevansie van kandidate se antwoorde in ag, kandidate moet hul eie mening gee.
Antwoorde kan die volgende insluit:
Ja – ons sal altyd iets hê om teen te protesteer soos verkragting, geweld, misdaad, ens.
Nee – ons leef in 'n nuwe en demokratiese Suid-Afrika en mense kan nou ander maniere van protes gebruik soos boikotte, stakings, optogte, ens. (4)

2.7 Onderwysers moet hul diskresie gebruik met die nasien van hierdie vraag: Kandidate moet die gegewe reëls 1-7 in ag neem. Baie van die verlangde inligting word in die uittreksel verskaf.
Hulle kan open met 'n gumboot dans, want hierdie dansvorm het in die myne ontstaan. Dit kan met a cappella (musiek sonder begeleiding) gepaard gaan. Die lied kan sagter uitdoof en eindig in 'n neurie terwyl die myners na die mynskag beweeg om ondergronds te gaan. Verbale dinamika en klanknabootsing kan die beweging ondersteun en kan gebruik word om klanke te skep van die draadhok wat afsak ondertoe en met 'n siddering tot stilstand kom en die myners wat soos miere uit die hok beweeg. Arm teatertegnieke kan gebruik word wanneer die geboor en gewerk deur mimiek uitgebeeld word. (8)

2.8 Onderwysers moet hul diskresie en oordeel gebruik met die nasien van hierdie vraag omdat dit oor die teks moet gaan wat in die klas behandel is.

**Die volgende is slegs 'n voorbeeld:**
Die teks wat bestudeer was is *Master Harold……and the boys.*

**Drie hoofkarakters** - Hally, Sam en Willie.
Hally – 17-jaar oue skoolseun – tipiese adolessent / jeugdige skoolseun. Hy rebelleer teen sy familie situasie en is baasspelerig en dominerend teenoor Sam and Willie. Hy is vriendelik, maar is steeds 'n seun wat probeer om die skoene van 'n man vol te staan.
Sam – 40–jaar oue swart man. Hy werk vir Hally se ouers in die teekamer. Hy is vriendelik en medemenslik en het groot wysheid. Hy het homself opgevoed en behalwe dat hy in die winkel werk, moet hy ook vir Hally met sy huiswerk help. Hy is 'n surrogaat-vader vir Hally en help ook vir Willie om sy probleme op te los.

Willie – nie formele skoolopleiding gehad nie, eenvoudige 40-jarige swart man wat los werkies by die teekamer doen. Hy leer nie vinnig nie en is beledigend teenoor sy meisie, Hilda. Daar word van hom gehou en sy karakter ontwikkel die meeste in die drama. Hy laat Sam besef dat dit nie 'n oplossing gaan bied om Hally te slaan nie, want Hally is nog maar 'n jong seun. Hy besluit ook om Hilda om verskoning te vra.

**Verhoudings** – al drie die karakters het 'n noue band, maar Sam en Hally het 'n spesiale band, want hulle kan op dieselfde vlak kommunikeer. Sam help Hally met sy huiswerk en hulle voer debatte oor sake soos sosiale hervormers en mans van inbors. Sam verstaan Hally se behoefte aan 'n vaderfiguur in sy lewe. Hy bou 'n vlieër om hom hoop te gee en om op te kyk. Teen die einde van die drama, doen Hally die ondenkbare en spoeg in Sam se gesig soos hy van sy woede en frustrasie wat hy vir sy pa voel, ontslae raak.

Hul verhouding word gestrem en moeilik as gevolg van die konflik wat Hally binne-in homself voel. Sam is alles wat Hally in 'n pa wil hê, maar omdat Sam swart is, kan Hally dit nie erken nie. Sy wit pa is vir hom 'n verleentheid, nie net omdat hy kreupel is nie, maar omdat hy ook 'n alkoholis is.

Ons vind dus dat die politieke situasie (apartheid), die sosiale situasie (sy pa se alkoholisme) en persoonlike sake (Hally se innerlike konflik – liefde/haat verhouding met sy pa) die karakters en hul verhoudings tot die uiterste beproef.

(12)
**[50]**

**VRAAG 3: INHEEMSE TEATER**

Gebruik hierdie riglyn om te help met die merkproses. Voorbeelde van Inheemse Teater in die kandidaat se eie gemeenskap moet erken word.

Neem kennis dat die regmerk (√) aandui hoeveel punte per feit toegeken word.

3.1 Enige vyf van die volgende:
Antwoorde sal volgense die gekose gemeenskap van die kandidaat wees, maar mag die volgende insluit:

√√ Graf of begraafplaas (gemeenskaplike of nasionale/ amathuna/ emaliba/ mapitleng)
√√ kraal (gemeenskaplik of nasionaal) / sibaya/ isibaya/ shakeng
√√ gandzelo/ kagogo/ endumbeni (gemeenskaplik of nasionaal)
√√ lidladla/ idladla (inheemse kombuis)
√√ endlunkhulu/ endlunkulu/ lapeng/ inheemse hoofhuis (gemeenskaplik of nasionaal)
√√ kabayethe (nasionale heilige plek soortgelyk aan indlu yakagogo waar die Koning en Koningin praat met die nasionale voorvaders namens die nasie)
√√ berg / intaba/ intsaba/ thabeng/
√√ meer/ diep waters/ isiziba/ sitiba/
√√ etaleni/ ezaleni (plek waar die as gelaat word) (2X5=10)

3.2 Enige twee van die volgende:
√√ Hulle word as heilig beskou
√√ Hulle word beskou as rus-/ woonplekke van die voorvarders
√√ Hulle word as godsdienstig beskou (2X2=4)

3.3 √ As / *Umlotsa*/ *Umlotha*/
√√√ As word met die voorvaders geassosieer
√√√ As word beskou as die rus-/woonplekke van die voorvaders (1+3=4)

3.4.1 Antwoorde sal volgens die gekose gemeenskap wees, maar in siSwati: √√
√√ a) *Akukho ntsaba ingenaliliba* (daar is geen heuwel sonder ‘n graf nie)
√√ b) *Lidloti liyabhekelwa* (die voorvaders help hulself)
√√ c) *Ngemandla!* (Met krag!) (4)

3.4.2 √√ a) Hierdie spreekwoord impliseer nie dat die dood orals teenwoordig is nie, maar dat elke plek as heilig beskou moet word. In die siSwati kultuur en opvoerings word ‘n berg as ‘n heilige simbool beskou.
√√ b) Mense van Afrika sal optree om die voorvaders te paai as ‘n vorm van intervensie. Maar die voorvaders en God sal slegs die mense help wat hulself wil help.
√√ c) Maak vinnig, want die koning roep jou! (4)

3.5 Een punt word toegeken as die feit slegs genoem word. Gee twee punte as daar op ‘n feit uitgebrei is. Enige twee van die volgende:

√√ Hulle word daaraan herinner dat dit nie goed is wanneer daar struweling tussen ouers is nie.
√√ Kinders word deur die voorvaders beskerm
√√ ‘n Vrou mag nooit op enige manier mishandel word nie
√√ Erkenning aan die gees van die vrou (2X2=4)

3.6 Een punt word toegeken wanneer slegs die feit gegee word. Ken twee punte toe as daar op die feit uitgebrei word. Enige vyf van die volgende:

Antwoorde sal wees volgens die gekose kultuur, maar in die siSwati:
√√ *emsamo* (waar medisyne, instrumente, wapens gestoor word) - √√ waar die rekwisiete gestoor word
√√ *insika* nasetiko (vuurherd) - √√ hoof-toneelspelarea
√√ *elukhotsameni* (*ngesancele*) - √√ vroulike toneelspelarea (linkerkant)
√√ *elufundvweni* (*ngesandleni/ngeluncebeni*) - √√ manlike toneelpelarea (regterkant)
√√ *umnyango* - hoofingang
√√ *egumeni* - √√ addisionele toneelspelarea tussen *umnyango* en die wind-breker (2X5=10)

3.7 Een punt word toegeken as slegs die feit gegee word. Ken twee punte toe as daar op ‘n feit uitgebrei word. Enige vyf van die volgende:

√√ Ontoepaslike verhoë (teatrale ruimtes) vir Inheemse dramas (teater)
√√ Tekort aan begrip van die gehoor oor Inheemse onderwerpe en konsepte
√√ Tekort aan belangstelling deur die meeste Westers georiënteerde gehoor
√√ Tekort aan befondsing, veral vir hierdie tipe teater
√√ Duur oorspronklike Inheemse kostuums
√√ Tekste is meestal mondeling, verbaal en visueel
√√ Sommige opvoerings kan nie in ‘n leersentrum/onderrigruimte soos bv. ‘n klaskamer plaasvind nie. Slegs ‘n sekere soort ruimte (soos *Incwala* of *Tshikanda*) is geskik.
√√ Sommige van die heilige simbole en heilige ruimtes wat toepaslik is vir die drama, is van nasionale waarde. Spesiale toestemming van die tradisionele leiers word vereis om dit te mag gebruik, bv. ‘n meer in Venda, Mdzimbaberg in Swaziland, ens. (2X5=10)

**[50]**

**VRAAG 4: MEDIASTUDIE**

4.1.1 Subteks: die dramatiese betekenis en handeling wat onder die oppervlak van die dialoog gebeur. Die oorsaak van die spanning in die toneel.

4.1.2 Kontinuïtet: die konstantheid en deurlopendheid van die tema, karaktereienskappe, eienskappe en voorkoms van voorwerpe, plekke en gebeure soos gesien deur die kyker.

4.1.3 Strookprent / *story board*: ‘n opeenvolgende (in sekwense) reeks van illustrasies, vaardighede of rowwe sketse (met op-/byskrifte), soos ‘n spotprentstrokie, wat die gebeure wys soos dit deur die kamera se lens gesien sal word (die verskillende skote word visueel aangedui).

4.1.4 *Take* /opname: ‘n Enkele sekwens/reeks van ‘n filmskoot, wat begin met “aksie!” en eindig met “*cut*/sny”.

4.1.5 Hoofstroom film – ‘n film wat vervaardig word met finansiering en/verspreiding van ‘n groot filmstudio, met die aanname dat die film kommersieel suksesvol sal wees. Dit dui gewoonlik op ‘n meer konserwatiewe benadering tot filmmaak en –vervaardiging. (5X2=10)

4.2 Onderwysers moet kandidate se antwoorde met oorleg en diskresie merk. Kandidate kan noem dat verhoogdramas nie so toeganklik is nie, teaters is nie in hul nabye omgewing nie. Dit is ook baie duur om sommige verhoogdramas by te woon (kaartjiepryse, vervoer indien die teater ver weg geleë is). Films mag volgens die kandidaat meer toeganklik wees, dalk goedkoper, meer skouspelagtig en opwindend om te sien. (4)

4.3 Toneelspel op die verhoog: akteurs moet hul stemme in (soms groot) teaters projekteer. Hulle moet dikwels groter en meer dramatiese gebare gebruik. Hulle moet hul karakters se leefwêreld en emosies internaliseer. Hulle moet hul volledige dialoog leer. Op die verhoog is daar geen tweede kanse nie en akteurs moet probleme op die verhoog, op die gegewe oomblik kan oplos.

In film kan die akteur, as gevolg van die baie opnames, die toneel baie keer oordoen totdat dit volgens die vereiste is. Hulle hoef nie hul volledige dialoog te leer nie omdat die film nie opeenvolgend of chronologies verfilm word nie. Naby-skote veroorsaak ook dat die spel meer subtiel, met kleiner bewegings is. Aandag aan detail is belangrik. (Enige sinvolle antwoord) (8)

4.4 Dit help die akteur om in sy karakter te kom en om te fokus op die vereistes van die rol sodat hy/sy die rol oortuigend kan vertolk. (3)

Kopiereg voorbehou 

4.5

- Die temas (belangrikste kwessies) is die diepste uitdrukking van die film en spreek van die filmmaker se waardes en oortuiginge. Hierdie waardes sal die tema en storielyn bepaal, bv. 'n soeke na ouerliefde (bv. *Tsotsi*); 'n soeke na eie waarde (bv. *Good Will Hunting*).

- Die temas kan ook die emosionele boodskap aan die gehoor wees. Dit is die bewuste doelstelling van die skrywer/teksskrywer. Bv. as die tema "om te haat is verkeerd" is, sal die teksskrywer nie 'n karakter laat seëvier ten spyte van sy / haar haat nie. Inteendeel, die karakter sal 'n reeks veranderinge ondergaan en tot die besef kom dat dit anti-sosiaal is om te haat. Onderwysers moet kandidate se antwoorde op meriete benader en dienooreenkomstig bepunt. (8)

4.6 Onderwysers moet die kandidate se antwoorde met diskresie nasien. Kandidate moet oor hul persoonlike ervarings praat en motiveer deur voorbeelde te gebruik uit die film wat hulle bestudeer het. (6)

4.7 Enige film kan gebruik word as voorbeeld en enige sinvolle antwoord kan aanvaar word. Die volgende kan as 'n assesseringsriglyn gebruik word:

Die S.A. filmindustrie staar die volgende struikelblokke in die gesig:

- Begrotingbeperkinge
- Verspreidingsregte (monopolie)
- Elitisme in die filmindustrie en die televisie industrie.
- Filmindustrie is nie ten volle gereguleer/gekontroleer nie.
- Tot 2006 was daar geen spesiale filmtoekennings nie. Toekennings kan help om die standaard van filmmakers, vervaardigers en akteurs te verhoog.
- Daar is nie gespesialiseerde normstrome soos bv. waaghalse, rolprentoperateurs, ens. nie.
- Daar is geen belastingverligting vir filmmakers en -vervaardigers.
- Filminhoud en –konteks word nie ten volle ontgin nie.
- Daar is baie min rolprentskrywers en redigeerders, veral van voorheen benadeelde gemeenskappe.
- Daar is baie min kunstenaars wat spesialiseer in spesifieke strome soos spesiale effekte. (6)

4.8 Aanvaar enige sinvolle antwoord, gebruik die volgende as ‘n riglyn:

- Dit sal die standaard van spel, filmmaak / -vervaardiging en televisie verhoog. Op hierdie manier sal die pogings van alle betrokkenes erken word.
- Dit kan as ‘n film- en televisiemark dien vir kunstenaars, vervaardigers en filmmakers.
- Adverteerders sal ‘n gulde geleentheid hê om hul produkte te bemark wanneer ander internasionale uitsaaiers en mediabase in die toekennings belangstel.
- Dit sal help om plaaslike talent te bemark aan oorsese filmmaatskappye en agente.
- Dit sal gesonde kompetisie tussen kunstenaars, filmmaatskappye en vervaardigers aanmoedig – wat die standaard van filmvervaardiging sal verhoog.
- Indien oorsese filmmakers in die toekennings sou belangstel, sou oorsese films ook in aanmerking kon kom vir die toekennings. Dit sal oorsese mediadekking verseker.
- Dit sal die grense afbreek wat in die industrie deur elitisme ontstaan het. Meer mense sal stem vir die produkte wat hulle verkies, waarmee hulle identifiseer en wat hul eie situasie reflekteer. (5)

**[50]**

**AFDELING C: Kandidate moet EEN vraag in hierdie afdeling beantwoord**

**VRAAG 5: ELIZABETHAANSE TEATER**

5.1 Antwoorde kan die volgende insluit:

**Struktuur van die Globe teater**

- Opelug teater
- 'n Eenvoudige konstruksie in die vorm van 'n amfiteater
- Agt – kantig (sommige teoretici beweer dit het 20 kante gehad)
- Die hout van *The Theatre* (eerste openbare teater) is gebruik nadat hierdie teater afgebreek is
- Groot sentrale oop ruimte, sonder 'n dak wat die "pit" of die"yard" genoem is waar die gehoor sou staan
- Rondom die oop ruimte ("pit") is daar drie verdiepings van gallerye wat met 'n dak bedek is
- Die gallerye het sitplekke wat 'n dak aan die adel/ hoër stand verskaf
- Een gallery vorm die balkon bo die verhoog omdat dit rondom strek na die agterkant van die verhoog
- Op die balkon het die balkontonele plaasgevind, gevegte, hoër plekke is ook daar uitgebeeld
- Bo die balkon is die toring
- Onder die balkon is die *chamber* of kamer wat die enigste ruimte met 'n gordyn is vir binnenshuise tonele.
- 'n Verhoog wat gelig is (4 – 6 voet hoog) het tot in die sentrale oop ruimte ("yard") verleng
- Die voorverhoog / apron is die sentrale verhoog
- Verhoog: gedeelte daarvan het 'n dak op en word die "shadow" of die "heavens" genoem
- Daar word baie keer sterre en mane op die geverf
- Die "heavens" rus op pilare
- Na die agterkant van die verhoog is daar 'n veelvlakkige fasade
- Op die verhoogvlak is daar ten minste twee groot deure wat as ingange en uitgange dien vir akteurs en waardeur swaar rekwisiete en stelstukke verskuif kan word
- Masjinerie word onder die verhoog gehuisves
- Valdeure in die vloer het graftonele, duiwels, geeste, vuur, rook en ander effekte moontlik gemaak. Karakters en plekke kon deur middel van die valdeure verbloem of openbaar word.
- Die fasade/gebou kon ook 'n derde vlak hê – wat die musikante se gallery of "musicians gallery" genoem is
- In die dak is die masjinerie vir spesiale effekte, toue en hysmasjinerie gehuisves

**Tipe dramas wat opgevoer is**
- Komedies, geskiedenisdramas en tragedies
- Kandidate kan voorbeelde noem van enige van die Elizabethaanse dramas van Shakespeare, Ben Jonson, Christopher Marlowe
- Kandidate kan 'n spesifieke drama noem om hul begrip van die onderstaande fasette te demonstreer

**Kostuum**
- **Kontemporêr** – die mode van die tyd
- Elizabethaanse uitrustings wat toepaslik is vir die rang en beroep van die karakter
- Kledingstukke wat deur koninklikes en beskermhere geskenk is
- Daar was nie klem gelê op die korrekte weergawe van die tydperk en periode nie

- **Konvensionele kostuums**
- Min kennis gehad van histories akkurate kostuums uit die geskiedenis
- Klassieke kostuums is aangedui deur items wat bygevoeg is of deur materiaal wat gedrapeer is
- Argetipe kostuums: om fantasie of groteske karakters soos spoke, feëtjies en gode aan te dui
- Diere-kostuums is gebruik: leeus, bere, ens.
- Professionele kostuums is gebruik: klerke, narre, senators

**Stel en dekor**
- Volgens konvensie: die gehoor het die simboliek van sekere teatermiddele verstaan
- Geen poging om realiteit op die verhoog te skep nie
- Meeste ruimtes/plekke word deur die dialoog aangedui – die 'gesproke dekor'
- Min rekwisiete is gebruik en tonele kon moeiteloos vloei van die een na die ander
- Geen geverfde agterdoeke nie
- 'n Bos of 'n biervat sou 'n woud of 'n herberg voorstel, ens.
- 'n Troon sou 'n paleis of koninklike hof voorstel

**Spesiale effekte**
- Musiek, skreeue, trom geroffel, meestal vokaal en/of instrumente gebruik vir klank
- Geen spesiale beligtingseffekte nie
- Geen elektrisiteit nie, slegs opvoerings gedurende die dag
- Valdeure in die hemele ('heavens')
- Lantern / kers skep idee van nag / aand

**Gehoorlede en atmosfeer tydens opvoerings**

- Die gehoor in die sentrale 'pit'
- Weerspieël die verskillende sosiale stande van Elizabethaanse Engeland
- Vanaf die ryk howelinge en handelaars
- Tot die boere en bediendes wat in die oop staanplek te vinde was
- Ryk burgers kon in die gallerye sit
- Gehoor was lawaaierig en lewendig
- As hulle nie die drama geniet het nie, het hulle dit aangedui deur te sis of vrugte na die akteurs te gooi.
- Daar was verkopers van neute, vrugte, tabak en bier
- Prostitute was ook gereeld aanwesig
- As die gehoor deur die opvoering geboei is, was daar totale stilte.

**Advertering van opvoerings by die Globe**

- Plakkate
- 'n Vlag het bo-op die teater gewaai
- Teen 2 uur het drie trompette die aanvang van die drama uitgebasuin

**Tyd van die opvoerings**

- Opvoerings is in die namiddag gehou – beste natuurlike lig
- Daar was geen opvoerings tydens slegte weer nie

Gebruik die volgende matriks as GIDS en HULP met die nasien van die essay.

| **Vlak** | **Punte** | **Beskrywing** |
|---|---|---|
| Uitmuntend | 24-30 | Die kandidaat toon volledige en omvattende kennis en begrip van die Elizabethaanse konvensies. Die vereiste aspekte is duidelik aangebied en uitstekend georganiseer. Die kandidaat het 'n samehangende, logiese en insiggewende essay geskryf. |
| Verdienstelik | 21-23 | Die kandidaat toon 'n omvattende kennis en 'n grondige begrip van die Elizabethaanse konvensies. Die vereiste aspekte is duidelik aangebied en georganiseer. Die kandidaat het 'n logiese en insiggewende essay geskryf. |
| Beduidend | 18-20 | Die kandidaat toon kennis en begrip van die Elizabethaanse konvensies. Die vereiste aspekte is aangebied en georganiseer. Die kandidaat het 'n logiese en insiggewende essay geskryf. |
| Voldoende | 15-17 | Die kandidaat toon voldoende kennis en begrip van die Elizabethaanse konvensies. Die vereiste aspekte is bevredigend aangebied en georganiseer. Die kandidaat het 'n insiggewende essay geskryf. |
| Matig | 12-14 | Die kandidaat toon 'n mate van kennis en beperkte begrip van die Elizabethaanse konvensies. Die vereiste aspekte is nie duidelik aangebied en georganiseer nie. Die essay kort inligting en feite is nie op 'n logiese manier aangebied nie. |
| Basies | 9-11 | Die kandidaat toon baie min kennis en begrip van die Elizabethaanse konvensies. Die vereiste aspekte is nie baie duidelik aangebied en georganiseer nie. |
| Ontoereikend | 0-8 | Slaag nie daarin om sinvol te skryf nie. Gee onsamehangende inligting. Inligting maak nie sin nie en is gefragmenteerd. Kan nie 'n essay tipe vraag beantwoord nie. |

(30)

5.2.1 Kandidate kan enige ruimte voorstel – moet 'n storm op see aandui, ruimte bo die dek en onder die dek moet aangedui word. Kan die mas van die skip aandui: gee krediet vir kreatiewe interpretasie, kan in realistiese of abstrakte styl wees. (4)

5.2.2 Emmers, toue, sandsakke, mas, katrolle, Bybel, kruis (karakters bid om verlossing). Gee krediet vir kreatiewe interpretasie. (4)

5.2.3 Ligte wat flikker, skerp wit lig, klankopname van storm en donderweer. Klank kan lewendig geskep word deur stem of instrumente. Instrumente kan tuisgemaak wees of geïmproviseer word. Gee krediet vir kreatiewe antwoord. (4)

5.2.4 Wys hoe die toue getrek word, gebruik emmers om ontslae van water te raak, stuur die skip, gebruik gebare om te wys hoe die reën neerdring, geboë

5.2.5 "Wees ons genadig!" lae stemtoon asof in ongeloof, dan hoër toonhoogte met "ons breek" en groei in intensiteit – hoër toonhoogte en tempo met die herhalings, gee krediet vir kreatiewe interpretasies. (4)

**[50]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 6: AMERIKAANSE TEATER**

6.1 Gebruik die volgende matriks as GIDS en HULP met die nasien van die essay.

| Vlak | Mark | Beskrywing |
|---|---|---|
| Uitmuntend | 24-30 | Die kandidaat identifiseer die realistiese en nie-realistiese elemente in die drama. Die karakters en dialoog is versigtig en omvattend geanaliseer en die kandidaat gee redes waarom dit realisties of nie-realisties is. Die kandidaat identifiseer die realistiese en nie-realistiese aspekte van die tema en intrige/plot in detail. Opvoertegnieke is baie duidelik verduidelik deur te verwys na realistiese en nie-realistiese elemente. Realistiese en nie-realistiese teatermiddele en –tegnieke en hul effektiwiteit is in detail bespreek. Die kandidaat skryf 'n samehangende, logiese en insiggewende essay. |
| Verdienstelik | 21-23 | Die kandidaat identifiseer die realistiese en nie-realistiese elemente in die drama. Die karakters en dialoog is geanaliseer en die kandidaat gee redes waarom dit realisties of nie- realisties is. Die kandidaat identifiseer die realistiese en nie-realistiese aspekte van die tema en intrige/plot en bespreek dit. Opvoertegnieke is verduidelik deur te verwys na realistiese en nie-realistiese elemente. Realistiese en nie-realistiese teatermiddele en –tegnieke en hul effektiwiteit is bespreek. Die kandidaat het 'n duidelike begrip van die drama, maar kort 'n gedetailleerde begrip van al die areas. Die kandidaat skryf 'n samehangende en insiggewende essay. |
| Beduidend | 18-20 | Die kandidaat identifiseer die realistiese en nie-realistiese elemente in die drama. Die karakters en dialoog is geanaliseer en die kandidaat gee sommige redes waarom dit realisties of nie- realisties is. Die kandidaat identifiseer die realistiese en nie-realistiese aspekte van die tema en intrige/plot en bespreek dit. Opvoertegnieke is verduidelik deur te verwys na ten minste twee realistiese en nie-realistiese elemente. Realistiese en nie-realistiese teatermiddele en –tegnieke is bespreek. Die kandidaat het 'n beduidende begrip van die drama, maar kort 'n gedetailleerde begrip van al die areas. Die kandidaat skryf 'n taamlike logiese en insiggewende essay. |
| Voldoende | 15-17 | Die kandidaat identifiseer sommige realistiese en nie-realistiese elemente in die drama. Die karakters en dialoog is verduidelik en die kandidaat gee sommige redes waarom dit realisties of nie- realisties is. Die kandidaat identifiseer die realistiese en nie-realistiese aspekte van die tema en intrige/plot en bespreek dit. Opvoertegnieke is verduidelik deur te verwys na ten minste twee realistiese en nie-realistiese elemente. Sommge realistiese en nie-realistiese teatermiddele en – |

| | | |
|---|---|---|
| | | tegnieke is bespreek. Die kandidaat het 'n beduidende begrip van die drama, maar kort die vermoë om die verskeie aspekte as deel van 'n eenheid te analiseer. Die kandidaat skryf 'n taamlike logiese en insiggewende essay, maar kort spesifieke voorbeelde om sy/haar argument te motiveer. |
| Matig | 12-14 | Die kandidaat identifiseer sommige van die realistiese en nie-realistiese elemente in die drama. Die karakters en dialoog word genoem. Die kandidaat identifiseer die realistiese en nie-realistiese aspekte van die tema en intrige/plot, maar die intrige/plot is in detail bespreek, want die kandidaat kan nie analiseer nie. Opvoertegnieke is verduidelik op 'n basiese vlak. Ten minste twee realistiese en nie-realistiese teatermiddele en –tegnieke is bespreek. Die kandidaat kort spesifieke detail en fokus sterk op die beskrywing van die intrige/plot. |
| Basies | 9 -11 | Die kandidaat het die drama bestudeer maar fokus slegs op die intrige/plot. Verstaan iets basies van realistiese en nie-realistiese elemente. |
| Ontoereikend | 0-8 | Slaag nie daarin om sinvol te skryf nie. Gee plot/intrige beskrywing wat nie verband hou nie. Kan nie die realistiese en nie-realistiese elemente in verband bring nie. Onsamehangend en gefragmenteerd. Kan nie essay styl vraag hanteer nie. |

(30)

6.2.1 Tom en sy moeder het 'n moeilike verhouding. Sy teem en kla baie (hou aan oor die eet van ontbyt en drink van koffie met melk wanneer hy duidelik nee daarvoor gesê het). Hy bly kalm, maar geïrriteerd (hy herhaal net ferm dat hy nie die room wil hê nie). Ten spyte van hul probleme, het sy hom baie lief (sy wil hê dat hy moet eet) en hy gee vir haar om (hy glimlag as sy hom herinner daaraan dat hy nie moet drink nie, hy praat teer in reël 3). Sy is bang dat hy te veel sou drink en wil hom oorreed om te belowe dat hy nie sal drink nie en nugter sal bly. Enige logiese antwoorde oor die verhouding tussen die twee karakters moet aanvaar word. 3 punte vir verhouding en 3 punte vir motivering/ondersteuning. (6)

6.2.2 Geen motivering nodig nie, slegs die toonhoogte en tempo vir elk van die 3 reëls moet genoem word (1 punt vir elk).
Bv. reël 15: toonhoogte – gemaklike toonhoogte, tempo – gematig,
reël 19: toonhoogte – effens hoër, tempo – stadig,
reël 21: toonhoogte – hoog, tempo – vinning (6)

6.2.3 (a) Die Amerikaanse droom gaan oor vryheid, gelykheid en geleenthede vir almal. Wie jy ookal is, jy staan ‘n gelyke kans en jy kan sukses behaal deur harde werk. Een van die slagspreuke was “’n hoender op elke tafel en ‘n motor in elke motorhuis”. (4)

(b) Die kandidaat moet die Amerikaanse drama bespreek wat hy/sy bestudeer het en dit aan die Amerikaanse droom koppel. Die meeste dramas het dit uitgebeeld as ‘n positiewe doelstelling waarna gestreef kan word, of as ‘n komplekse toertjie wat onbereikbaar was/is vir die meeste Amerikaners. (4)

**[50]**

**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou